

**29 JUNIE**

**SKRIFGEDEELTE HOSEA 8 (O.A.V.)  
FOKUSGEDEELTE HOSEA 8:1-2**

**Godsdiens het 'n binnekant en 'n buitekant**

Godsdiens het 'n binnekant (hart) en 'n buitekant (lewe). Nou kan dit gebeur dat die binnekant van jou godsdiens skeefloop, terwyl die buitekant nog die skyn van godsdiens bly vertoon. Jy neem nog deel aan die eredienste. Jy lees nog jou Bybel en bid nog. So hou jy die buitekant aan die gang, maar dit is alles net skyn.

Dit was die probleem met Israel se godsdiens. Hulle het nie aan die verbond van God getrou gebly nie. Daarom het hulle teen die Wet van die Here gesondig. Hulle het nie die diens aan die Here heeltemal verwerp nie, maar vir hulleself gode gemaak (vs. 4-6). Hulle wou die Here deur middel van die afgode dien. Daarom roep hulle (vs. 2): "My God, ons, Israel, ken U." Hulle maak nog daarop aanspraak dat hulle die volk van God is en dat hulle Hom dien, maar hulle wil self besluit hoe hulle Hom sal dien. As jy self kan besluit, dan is jy in beheer – ook in beheer van jou god. Dan dien jy jou selfgemaakte denkbeeld. Dan moet God by jou aanpas en tevrede wees met die manier waarop jy besluit om Hom te dien.

Dit is presies die teenoorgestelde van wat ware godsdiens is. Wanneer die binnekant en die buitekant in balans is, dan dien jy die Here soos Hy jou beveel. Jy sien af van jou eie begeertes en jou eie denkbeelde. Jy pas aan en pas in by dit wat Hy in sy wet van jou eis. Jesus het met sy hele lewe vir ons geleer wat ware godsdiens is. Trouens, dit het Hom sy lewe gekos om die binnekant en buitekant van jou godsdiens met mekaar te balanseer! Die Heilige Gees lei jou elke dag om dit wat jy glo, sigbaar te maak. Volg sy leiding getrou!

*Sing: Psalm 138:1 (1936-beryming)*

*Ds Abraham Krüger (Boksburg-Suid)*